NUUS | SAOU | NEWS

LIMPOPO

☎012 436-0900 / 086 072 6843; 086 557 1017; saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

24 JANUARIE / JANUARY 2017 NIB 3 / 2017

AANVRAAG VAN BENOEMINGS

SAOU ONDERWYSTOEKENNINGS

SAOU ERKEN LEDE SE ONDERWYSPRESTASIES

Om erkenning aan uitsonderlike prestasie te gee, het die SAOU se Nasionale Uitvoerende Raad besluit dat die SAOU tydens sy eerskomende Nasionale Kongres op 30 Junie 2017 weer toekennings aan lede, skole en Hoër Onderwysinstellings sal maak.

Lede word uitgenooi om ten opsigte van die onderstaande kategorieë, benoemings te maak.

Toekennings aan skole:

- Vir uitnemendheid ten opsigte van transformasie en nasiebou
- Vir bevordering van kultuur deur middel van die Uitvoerende Kunste
- Vir die uitbouing en versterking van leerders se taalvaardighede in die taal van leer en onderrig van die skool
- Aan ’n skool wat te midde van uitdagende sosio-ekonomiese omstandighede ’n ondersteunende en stimulerende leeromgewing skep
- Vir uitmuntende onderrig aan leerders met spesiale onderrigbehoeftes.

Toekennings aan SAOU lede:

- Vir uitnemendheid in algemene en administratiewe werk: kantoor-gebaseerde personeel (nie-opvoeder personeel by skole en ander werkplekke)
- Aan uitnemende kantoor-gebaseerde opvoeders (opvoeders by kantore van die departement)
- Leierskap:
  - Uitnemendheid in onderwysleierskap: Hoërskole
  - Uitnemendheid in onderwysleierskap: Laerskole
  - Uitnemendheid in onderwysleierskap: OLSOB (Onderrig aan leerders met spesiale onderrigbehoeftes)
- Klaskamerpraktyk:
  - Uitnemendheid in klaskamerpraktyk: Hoërskole
  - Uitnemendheid in klaskamerpraktyk: Laerskole
  - Uitnemendheid in klaskamerpraktyk: VKO (Vroeë Kindontwikkeling)
  - Uitnemendheid in klaskamerpraktyk: OLSOB (Onderrig aan leerders met spesiale onderrigbehoeftes)

Benoemingsproses

’n Benoeming word gemaak aan die hand van ’n volledige skriftelike motivering. Geen onderhoude sal met kandidate gevoer word nie. Die nominasievorm en kriteria waarvolgens die benoeming gemaak word, is hierby ingesluit en ook op die SAOU se webwerf beskikbaar. ’n Onlangse kleurfoto van goeie gehalte (kop en

skouers, in jpeg formaat) moet die motivering vergesel, asook 'n gewaarmerkte afskrif van SARO registrasie. 'n Persoon mag hom/haarself benoem. Benoemings word na die SAOU Limpopo kantoor ingestuur, na die adres en kontakpersoon soos hieronder aangedui. Benoemings en motiverings kan elektronies of in harde kopie ingestuur word.

Beoordeling van benoemings

Die eerste rondte beoordeling vind in provinsies plaas. 'n Provinsiale keurkomitee ontvang die nominasies en wys 'n provinsiale wenner vir elke toekenning aan. Die provinsies se aanbevelings word deurgestuur na die nasionale keurkomitees, wat 'n nasionale wenner vir elke toekenning sal aanwys. Die Dagbestuur sal hierdie aanbevelings finaal oorweeg en bekragtig. Die besluit van die Dagbestuur is finaal en sal nie onderhewig wees aan enige hersiening nie.

Kriteria

Die kriteria ten opsigte van elk van die 14 toekennings word volledig omskryf in die meegaande kriteriadokument. Genomineerdes moet grootliks aan die kriteria voldoen en motivering vir die nominasie moet aan die hand van die kriteria gemaak word. Wenners van 2014 mag nie weer vir dieselfde toekenning genomineer word nie. Genomineerdes kan in diens van die Departement van Onderwys of in diens van die Beheerliggaam wees en moet 'n SAOU lid wees.

Keerdatums

- Provinsiale nominasies sluit 17 Maart 2017.
- Provinsiale wenners per kategorie sal op 24 April 2017 aangekondig word.
- Nasionale beoordeling sal gedurende die week van 1- 5 Mei 2017 plaasvind, waarna die aanbevelings na die Nasionale Dagbestuur deurgegee sal word vir oorweging.
- Die onderskeie wenners per kategorie sal tydens die SAOU Kongres op Vrydag 30 Junie 2017 aangekondig word.

Kontakbesonderhede

Stuur asseblief die voltooide nominasievorm saam met 'n volledige skriftelike motivering, 'n onlangse kleurfoto van goeie gehalte, asook 'n gewaarmerkte afskrif van SARO registrasie voor of op 17 Maart 2017 aan die Limpopo provinsiale kantoor by e-posadres TrudievdB@saou.co.za of faksnommer 086 557 1017.

Navrae

Rig navrae aan Wilma Henn
Tel: (012) 436-0900
e-posadres: WilmaH@saou.co.za

NOMINASIEVORM

KRITERIA 2017

CALL FOR NOMINATIONS

SAOU TEACHING AWARDS

SAOU ACKNOWLEDGES THE ACHIEVEMENTS OF MEMBERS

To acknowledge excellent performance, the SAOU's National Executive Council has decided to make awards to members, schools and Higher Education Institutes during the forthcoming SAOU National Congress on 30 June 2017.

Members are invited to make nominations for the categories hereunder.

Awards to schools:

- For excellence with regards to transformation and nation building
- For the promotion of culture through the performing arts
- For the promotion and strengthening of learners' language skills in the language of learning and teaching of the school
- To a school that provides a nurturing and stimulating learning environment despite challenging socio-economic circumstances
- For excellence in teaching learners with special educational needs

Awards to SAOU members:

- Excellence in general and administrative work: office-based staff (non-teaching staff at schools and other workplaces)
- Excellent office-based educators (educators based in departmental offices)
- Leadership:
    - Excellence in leadership: High Schools
    - Excellence in leadership: Primary Schools
    - Excellence in leadership: ELSEN (Learners with special educational needs)
- Classroom teaching:
    - Excellence in classroom teaching: High School
    - Excellence in classroom teaching: Primary School
    - Excellence in classroom teaching: ECD (Early Childhood Development)
    - Excellence in classroom teaching: LSEN (Learners with special educational needs)

Nomination process

Nominations will be made in the form of a written motivation. Candidates will not be interviewed. The nomination form and criteria to guide the written motivation are herewith included, and are also available of the SAOU website. A recent colour photo of good quality (head and shoulders, in jpeg format), as well as a certified copy of SACE registration must be attached to the motivation form. A person may nominate him/herself. Nominations must be send to the the SAOU Limpopo provincial office. Nominations and motivations can either be submitted electronically, or in hard copy. Full details will be provided in a Provincial Newsletter.

Adjudication of nominations

The first round of adjudication will take place in Provinces. Provincial evaluation committees will receive all nominations and will nominate a winner for each award. Provinces' recommendations will thereafter be send to national evaluation committees that will nominate a national winner for each award. The Standing Committee will consider and approve the final recommendations. The decision of the Standing Committee will be final and will not entertain any review process.

Provinsiale Sekretaris / Provincial Secretary: Wilma Henn – WilmaH@saou.co.za – 083 407 5529
Provinsiale Admin Assistant / Provincial Admin Assistant: Trudie van den Berg –TrudievdB@saou.co.za – 012 – 436 0900

Criteria

The criteria applicable to each of the 14 awards are contained in the document herewith included. Nominees must generally meet the criteria and the nomination and motivation must be based on the said criteria. Winners of 2014 are not eligible for nomination on the same award. Nominees may either be employed by the Department of Education or a School Governing Body **and must be a SAOU member**.

Closing dates

- Provincial nominations will close on **17 March 2017**.
- Provincial winners will be announced on 24 April 2017.
- National adjudication will commence with effect from 1 May and will conclude on 5 May 2017, whereafter recommendations will be submitted to the National Standing Committee for consideration and the identification of a national winner per category.
- Winners will be announced on **Friday 30 June 2017** at the SAOU National Congress.

Contact details

Kindly submit the completed nomination form, together with a written motivation, a recent colour photo of good quality and a certified copy of SACE registration before or on **17 March 2017** to the Limpopo provincial office at e-mail address TrudievdB@saou.co.za or fax number **086 557 1017**.

Enquiries

Please address all enquiries to Wilma Henn
Tel: (012) 436 0900
e-mail address: WilmaH@saou.co.za

NOMINATION FORM

CRITERIA 2017